51/85

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

RUDEON ARENDSE .................... Appellant

EN

DIE STAAT ........................ Respondent

Coram: RABIE, HR CILLIé, AR *et* GALGUT, Wn AR

Verhoor: 10 Mei 1985

Gelewer: 24 Mei 1985

---

## U I T S P R A A K

CILLIé, AR :

Hierdie saak is buitengewoon, veral ten opsigte van die verloop van die verhoor asook die lewenswyse, die optrede en die getuienis van die persone wat

daarby .... / 2

daarby betrokke was. By die aanvang van die verhoor het die appellant op 'n aanklag van moord onskuldig gepleit en alle aanspreeklikheid of skuld met betrekking tot die oorledene se dood ontken; na sy skuldigbevinding aan moord het hy in die ondersoek na die bestaan van versagtende omstandighede erken dat hy vir die dood van die oorledene verantwoordelik was. Die verhoorhof het sy getuienis dat hy nie by die dood van die oorledene betrokke was nie sowel as sy latere getuienis dat hy die oorledene uit noodweer doodgeskiet het, as onwaar verwerp. Nogtans het die verhoorhof bevind dat daar 'n versagtende omstandigheid was, naamlik dat die appellant aangedryf was deur sy gevoel vir sy minnares, Johanna Anthony. Die verhoorregter het, desnieteenstaande, in die uitvoering van sy vrye oordeel

besluit dat hy die doodvonnis moes oplê. Dit het hy dan ook gedoen. Teen hierdie vonnis kom die appellant nou in hoër beroep.

Sy appèl sou slaag indien hierdie Hof bevind dat die opgelegde vonnis so onvanpas is dat geen hof redelikerwys so'n vonnis in die besondere omstandighede sou opgelê het nie. Derhalwe moet hierdie Hof, net soos die verhoorregter moes gedoen het, al die relevante getuienis en omstandighede met betrekking tot 'n gepaste vonnis in oënskou neem. Ten eerste word aandag geskenk aan die betrokke persone.

Die appellant en Johanna het albei losbandige lewens gelei. Ten tyd van die verhoor was hy 25 jaar oud en het hy reeds vier kinders gehad wat hy by

vier verskillende meisies verwek het. Johanna wat toe ongeveer 23 jaar oud was, was kinderloos. Hulle het ŉ tydlank ŉ verhouding gehad en het saamgewoon. ŉ Paar maande voor die moord is hulle uitmekaar uit. Vogens hom het hy haar gevra om minder te drink maar sy wou nie luister nie en hy is toe weg. Die getuienis toon dat sy ŉ strawwe drinker was. Sy beweer aan die ander kant dat hy haar een aand so ernstig aangerand het dat haar werkgeefster haar ontslaan en hulle van die perseel afgejaag het. Hoe dit ook sy, hy het sy intrek by ŉ sekere Anne Reagan geneem en sy het by Marinda Samuels gaan woon. In die huis van Marinda se moeder is ŉ bed vir hulle, dit is vir Johanna en Miranda saam, in die kombuis geplaas. By die verhoor het dit uitgekom dat

Marinda sestien jaar oud was, dat sy 'n vaste kêrel gehad het en dat sy reeds die moeder was van 'n baba van vier maande.

Op die Donderdagaand voor die moord het Johanna saam met drie kennisse by die oorledene gaan kuier. Hy was 'n Swartman en het gewerk by 'n piekniekplek in Idasvallei, Stellenbosch. Sy verblyfplek was ongeveer 400 meter van Marinda se ouerhuis af; dit blyk nie uit die getuienis of Johanna hom vantevore geken het nie. Oor wat die aand gebeur het, het sy soos volg getuig:

> "Toe het ons maar net bier gedrink en gesels en toe het my vriende mos nou vir ons alleen gelaat, toe loop hulle en ek het agtergebly daar tot die volgende oggend toe."

Onderwyl, so teen 20h30 die aand, het die appellant by Johanna se nuwe blyplek opgedaag. Marinda het aan hom vertel dat Johanna die oorledene gaan besoek het. Hy het vertrek.

Die volgende oggend, dit was Vrydag 12 Augustus 1983, het die appellant weer sy opwagting by Marinda se huis gemaak maar Johanna was reeds na haar werk toe. Volgens Marinda is die appellant per motor daar weg. Omdat sy nuuskierig was en reeds onraad gemerk het, het sy buitentoe gegaan om te kyk waarheen hy ry. Haar getuienis was dat sy bo-op 'n stilstaande motor moes klim om tussen die bome en blare deur te kon sien wat aangaan. Sy het verklaar dat sy self gesien het hoe dat die appellant ry tot waar die oorledene voor

die hekkie van die piekniekplek besig was om met 'n besem te vee, en hoe dat hy die oorledene daar platgeskiet het. Die geringe twyfel wat daar by die verhoorhof was oor die juistheid van Marinda se getuienis en of sy wel kon sien wat sy sê dat sy gesien het, is nie meer van belang nie want die appellant het toe hy, met die ondersoek na versagtende omstandighede, die tweede keer in die getuiebank was, toegegee dat hy na die oorledene se woonplek gegaan en hom daar doodgeskiet het. Die oorledene se lyk is later dieselfde dag gevind; die oorsaak van sy dood was 'n koeëlwond in sy linkerborskas.

Toe Johanna die aand tuiskom het Marinda haar van die gebeurde vertel. Later het die appellant daar opgedaag en 'n hewige, woeste stryery het tussen die

voormalige minnaars ontstaan. Johanna was skynbaar onder die invloed van drank. Hulle is by die kombuisdeur uit en die straat in; daar is die stryery in die openbaar voortgesit. Die twee het onder andere die volgende kwytgeraak. Sy het uitgeskree dat hy 'n moordenaar is en daaraan toegevoeg: "Jy kan sommer vir my ook nou kom vrekmaak! " Van sy kant af sou gekom het: "Jy is die tweede een wat ek gaan doodmaak." Hy het haar ook daarvan beskuldig dat sy 'n "kafferjintoe" was; dit is skynbaar die skelwoord vir 'n Kleurling-prostituut wat met 'n Swartman gemeenskap hou.

Die appellant is nie dadelik in hegtenis

geneem nie en twee aande later het hy weer aan Johanna se deur geklop. Sy sê dat dit gereent het en dat sy vir hom jammer was en daarom het sy hom laat binnekom. Hy het gaan sit op die bed waar sy en Marinda gelê het. Hulle het gesels en hy het onder andere vir haar gesê: "Dit is deur jou dat ek daardie man doodgemaak het." Dit het sy ontken. Hy het ook sy liefde aan haar be-tuig en gesê dat, as hy eendag uit die tronk uitkom, sy nog sy "meisie" sou wees. Later het hy gevra of hy nie maar daar by haar kon slaap nie aangesien dit die volgende dag haar verjaarsdag sou wees. Sy het toe vir hulle op die vloer 'n bed opgemaak en daar het hulle saamgeslaap. Die volgende oggend het sy vroeg werk toe gegaan. Kort na haar vertrek moes hy vinnig die plek verlaat omdat die

polisie op sy spoor was. Hy is sowat tien dae later in hegtenis geneem.

Dit is onnodig om die besonderhede met betrekking tot die verloop van die verhoor te herhaal; die enigste aangeleentheid wat nou oorweeg moet word, is die straf. Dit was die verhoorregter se taak om al die relevante getuienis en omstandighede saam in oënskou te neem en dan 'n gepaste straf te bepaal met inagneming van die bekende riglyne ten opsigte van die aard van die misdaad, die omstandighede van die oortreder en die houding van die gemeenskap. In hierdie besondere geval was die beslissing van die verhoorhof dat daar wel 'n versagtende omstandigheid was, van besondere belang; dit het beteken dat die verhoorregter nie verplig was om die doodvonnis op te lê nie

maar .... / 11

maar ook nie gebonde was om dit nie te doen nie. In hierdie verband sê die verhoorregter oor die hof se bevinding:

> "dit is sodanig dat dit versagting uitmaak. Soos ek sê, dit is skraal maar dit is daar."

Namens die appellant is in hierdie Hof aangevoer dat die verhoorregter in sy oorweging van en uitspraak oor die vonnis te veel nadruk gelê het op die verhoorhof se bevinding van die enkele versagtende omstandigheid en, toe die belangrikheid van daardie omstandigheid by die oorweging van ander gewigtige omstandighede verminder of selfs verdwyn het, hy nie die geheelbeeld van al die omstandighede in oënskou geneem het nie. Na my mening is hierdie betoog gegrond op 'n foutiewe beskouing van die volgende passasie in die verhoorregter se uitspraak.

"In die omstandighede van hierdie saak waar die Hof versagtende omstandighede gevind het, het die Hof 'n diskresie om òf die doodvonnis òf gevangenisstraf op te lê en die besluit om die een of die ander op te lê is 'n uiters belangrike besluit en dit moet lank en ernstig oorweeg word. Alle faktore moet behoorlike oorweging geniet en ek het dit gedoen. Die belangrikste faktor is natuurlik die versagting wat bevind is, naamlik die feit dat die beskuldigde uit jaloesie opgetree het. By die beskuldigde was dit 'n dryfveer met gewig. Sy advokaat het aan die hand gedoen dat dit nie 'n buitengewone dryfveer is nie, met ander woorde dit is 'n verstaanbare faktor. Tot 'n mate is die advokaat korrek, maar daar is vorms en grade van jaloesie en die oorsake daarvoor en elke geval moet volgens sy eie omstandighede beoordeel word. Die omstandighede moet ook as geheel oorweeg word om die beskuldigde se morele skuld vas te stel. In hierdie geval is die volledige beeld, soos ek alreeds aangedui het, dié van 'n jaloerse man wat jaloers is op sy vierde nooi terwyl hy alreeds met sy vyfde nooi saamleef. Gevolglik is sy morele skuld na my oordeel aansienlik, of anders gestel, die meegevoel wat daar vir hom bestaan is maar dun."

Dit ly geen twyfel nie dat die verhoorhof se besluit oor die bestaan van ŉ versagtende omstandigheid ŉ besonder belangrike faktor by die oorweging van vonnis was en die verhoorregter het dit tereg as sulks beskou. Dat hy dit deel gemaak het van die geheelbeeld waarna hy moes kyk, kan nie betwyfel of bevraagteken word nie. Trouens, hy verklaar in die aangehaalde passasie tweekeer dat hy al die feite in oënskou geneem het. Na my mening is dit duidelik dat hy die aangeleentheid saam met die ander feite oorweeg het en nie te min gewig daaraan gegee het nie. Terloops, dit kan ook nie gesê word, soos betoog is, dat hy te veel gewig aan die erns van die misdaad verleen het nie. Die verhoorregter noem in die aangehaalde passasie van die aangeleenthede wat hy in

oënskou geneem het; die volgende kan daaraan toegevoeg word. Die appellant was nie 'n toonbeeld van getrouheid nie; by een geleentheid het hy getuig dat hy die verhouding met Johanna beëindig het, by 'n ander dat hy haar altyd sou bemin, en by 'n derde dat hy haar en Anne Reagan tegelyk as minnaresse wou hê. Hy toon geen tekens dat hy 'n vaste verhouding met enige vrou in stand wou hou nie. Toe hy tydens sy verhoor getuig het, het hy beweer dat hy nie sou omgegee het as Johanna by ander mans rondkuier nie. Hierdie feite tesame met sy leuenagtige getuienis werp ernstige twyfel op sy latere beweerde jaloesie met betrekking tot Johanna. Daar is verder nog die feit dat hy geen ondersoek ingestel het of die oorledene bewustelik in sy slaai gekrap het nie; skynbaar het hy sonder om

die waarheid van die aangeleentheid, of die oorledene se skuld vas te stel, na hom toe gegaan en hom doodgeskiet.

Die appellant het in sy getuienis oor die bestaan van versagtende omstandighede verklaar dat hy, voordat hy die oorledene doodgeskiet het, by sy huis dagga gemeng met Mandraxpoeier gerook het en dat hy ten tyde van die skietvoorval onder die invloed van hierdie dwelmmiddels was. Die verhoorhof het hierdie getuienis as vals verwerp en die aangeleentheid is tereg nie in hierdie Hof opgehaal nie. Verder het die verhoorregter ook met reg die appellant se vorige veroordelings buite rekening gelaat.

By oorweging van al die getuienis en veral die genoemde aangeleenthede is ek daarvan oortuig dat die verhoorregter geen mistastings begaan het nie, die

relevante aangeleenthede korrek teen mekaar opgeweeg het en 'n vonnis opgelê het wat in al die omstandighede gepas is en een is waarmee hierdie Hof nie behoort in te meng nie. Die appèl kan derhalwe nie slaag nie.

Die appèl word afgewys.

P.M. Cillié

P.M. CILLIé, AR

RABIE, HR )
stem saam
GALGUT, Wn AR )